Die sederberge is nie vir sissies nie			**Willem Fransman**
Literêre aspekte:			
1.1	**Kies die korrekte antwoord uit Kolom B wat by die woord/stelling in Kolom A pas.**		
	KOLOM A		**KOLOM B**
1.1.1	Die verteldetyd in die binnevertelling	A	Postapartheidsera
1.1.2	Binnevertelling	B	Apartheidsjare
1.1.3	Die verteldetyd in die buitevertelling	C	21 uur
1.1.4	Ruimte	D	Die onherbergsame Sederberge wat vele uitdagings aan die stappers bied.
1.1.5	Buitevertelling	E	’n Bietjie langer as twee weke.
1.2	Wie is die buitevertelling se protagonis?		
1.3	Waarmee word Gerrie gekonfronteer?		
1.4	Wie is Gerrie se antagonis?		
1.5	Wie is die binnevertelling se protagonis?		
1.6	Watter stelsel word deur die Algeria-bosboustasie beampte verteenwoordig?		
1.7	Wie is die hoofkarakter(ronde karakter) in hierdie verhaal?		
1.8	Watter TWEE gebeurtenisse het ’n verandering in Gerrie teweeg gebring (vormende invloed)?		
1.9	Watter gevare moes oom Tiekie oorkom? Noem TWEE dinge.		
Inhoudsvrae:			
1.1	In watter graad is Gerrie?		
1.2	Waar het Gerrie-hulle daardie aand geslaap?		
1.3	Waarom was dit koud?		
1.4	Wat is die berg se naam wat hul gaan klim het?		
1.5	Wat impliseer die woorde: “ berglim is nie vir sissies nie”?		
1.6	Waarom wou Gerrie nie koffie drink nie?		
1.7	Wat het Gerrie gedrink om van die ergste koue ontslae te raak?		
1.8	Waar sou hul die volgende aand slaap?		
1.9	Waarna het die “hoendertjie “ verwys?		
1.10	Was oom Tiekie al voorheen op die berge? Ja of Nee. Gee ’n rede vir jou antwoord.		
1.11	Hoe ken oom Tiekie en Gerrie se pa mekaar?		
1.12	Wat impliseer dat oom Tiekie dalk nie-blank is? Gee TWEE redes.		
1.13	Na wie verwys die Berg en die Heuweltjie, onderskeidelik?		
1.14	Met wie het oom Tiekie baie jare gelede gaan stap?		
1.15	Noem ten minste DRIE dinge wat aandui dat oom Tiekie en die ander mans jare gelede voorberei het vir hul staptog?		
1.16	Wat was die ander mans se beroepe?		
1.17	Waarom kon oom Tiekie nie in dieselfde hut as die studente slaap nie?		
1.18	Waar moes oom Tiekie daardie aan slaap?		
1.19	Op watter voorwaarde kon oom Tiekie moontlik as ’n” blanke man” behandel word?		

1.20	Het oom Tiekie en die studente daardie aand op die berg geslaap?
1.21	Waarom het die studente na oom Tiekie-hul se lokasie gegaan?
1.22	Watter tragedie het die studente getref?
1.23	Watter besluit het oom Tiekie by die studente se begrafnis geneem?
1.24	Sou jy sê dat oom Tiekie ’n man van sy woord is?
1.25	Waarvoor was Sneeukop bekend?
1.26	Hoe weet jy dat oom Tiekie hul die hoogste piek bereik het?
1.27	Wat doen ’n mens gewoonlik wanneer jy die hoogste piek bereik?
1.28	Van watter gevaar het Gerrie se pa hulle bewus gemaak?
1.29	Haal EEN woord aan wat sê hoe Gerrie gevoel het toe hy van die luiperd hoor?
1.30	Watter besering het oom Tiekie opgedoen?
1.31	Wat impliseer oom Tiekie se woorde aan die einde van die verhaal? “ Djy,djy’s die Berg wat my gehelp het met hierdie Sederberg”
1.32	Wat het Gerrie gedoen om hierdie woorde te verdien?